


ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

September 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 22




KITSNUUS ⊕ Lees meer binne

**Servituurpad word teerpad**
*Bl 2*

**Monte Crous dien gemeenskap**
*Bl 3*

**Mediese uitbreiding in Vdk**
*Bl 3*

**Watervleuel benodig fondse**
*Bl 4*

**Paul Kruger se beeld op reis**
*Bl 5*

**Ontmoet SR-leiers**
*Bl 7*

**Is jou tuin 'n paradys?**
*Bl 8*

**Lenteregruk**
*Bl 9*

**Taalweek: Vanuit die gehoor**
*Bl 9*

**Karnaval is hier!**
*Bl 10*

**Dantél wys spiere**
*Bl 11*

**Orania Gaan Groot program**
*Bl 11*

**Derick en toutrek**
*Bl 12*

## SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

## NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 ( Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Toekoms van Gesondheidsorg in Orania: 'n Pad na Selfbeskikking

Dia van Staden - Redakteur


Suster Karin Bain


Dr Lardus Erasmus


Mnr Jannie Roux

Op 25 Augustus 2025 het die gemeenskap van Orania bymekaargekom vir 'n historiese aankondiging: die stigting van 'n nuwe, onafhanklike gesondheidsinstelling. Dié inisiatief, gedryf deur 'n bewuswording dat die huidige gesondheidsdienste onvoldoende is, is 'n konkrete stap in die rigting van selfbeskikking en gemeenskapsverantwoordelikheid.

Suster Karin Bain, 'n geregistreerde verpleegkundige, het die grondslag van die nuwe inisiatief verduidelik. Sy het die uitdagings van die bestaande satellietkliniek, wat slegs twee keer per week diens lewer, belig. Met die beperkte tyd fokus die kliniek noodwendig op die behandeling van akute en kroniese siektes, en is daar geen tyd vir noodsaaklike dienste soos voorgeboortesorg of gesinsbeplanning nie. Hierdie afhanklikheid van die staat se dienste, wat onder groot druk verkeer weens 'n provinsiale personeeltekort, is nie volhoubaar vir 'n groeiende gemeenskap nie.

'n Komitee, bestaande uit 'n diverse groep kundiges en gemeenskapsleiers, insluitend Dr. Lardus Erasmus, Karin Bain, Jannie Roux, en Arno Lambrechts, het die uitdaging aanvaar om 'n unieke oplossing te vind. Hul kernvraag was: "Hoe kan Orania self verantwoordelikheid neem vir gesondheidsorg?" Die antwoord lê in die stigting van 'n eie, volhoubare instelling wat nie net op reaktiewe behandeling fokus nie, maar ook op voorkomende sorg en die bevordering van 'n gesonde leefstyl.

**'n Nuwe instelling**

Die nuutgestigte organisasie, waarvan Jannie Roux, Suster Karin Bain, en Dr. Lardus Erasmus die oprigtingslede is, se hoofdoel is om 'n mediese praktyk te vestig. Hulle het 'n visie om 'n omvattende gesondheidsentrum te bou, wat onafhanklik van individuele mediese praktisyns sal funksioneer. Dit sal toerusting en fasiliteite beskikbaar stel vir enige mediese praktisyn wat in die dorp wil kom diens lewer, en sodoende die struikelblokke wat dokters in die verlede verhinder het, uit die weg ruim.

Dit is veral relevant aangesien Dr. Nothnagel, wie se praktyk die gemeenskap vir meer as 6 jaar bedien het, dit aan die einde van Desember sal verlaat om sy dienste in Vanderkloof voort te sit.

Arno Lambrechts het die uitdagings wat dr. De Jager, die huidige kliniekdokter, ondervind, duidelik gemaak, insluitend onreëlmatige salarisbetalings wat die staat se onstabiliteit bewys. Die nuwe inisiatief beoog om 'n diensvlakooreenkoms met die staat te sluit en 'n verpleegkundige aan te stel om die dokter te ondersteun. Dié stappe sal 'n meer stabiele en betroubare diens verseker.

Jannie Roux het beklemtoon dat die projek op die beginsel van “ons sal self” berus. Hy het 'n beroep op die gemeenskap gedoen om finansieel en met hul vaardighede betrokke te raak, want net deur saam te staan, kan 'n volkome onafhanklike gesondheidstelsel tot stand kom. Hy het ook genoem dat 'n privaat persoon reeds fondse beskikbaar gestel het om 'n hospitaal op te rig en dat daar reeds drie dokters is wat hul hande opgesteek het om dienste in die dorp te lewer. Die plan is om die Prieska-model te volg, waar 'n gemeenskapsbesit mediese sentrum professionele dienste lewer deur middel van 'n vennootskap met mediese personeel.

Hierdie inisiatief is 'n teken van die groeiende gemeenskap se vertroue en hul bereidheid om prakties te bewys dat hulle op die skouers van hul pioniers staan om oplossings vir hul eie uitdagings te skep. Dit gaan nie net oor die oprigting van 'n kliniek nie, maar oor die bou van 'n instelling wat hoop bring en geslagte lank sal hou. Die projek is 'n konkrete voorbeeld van die gemeenskap se pioniersgees en hul vermoë om saam te staan en hul eie toekoms te skep.

**'n Konkrete plan vir die toekoms**

Die konsep vir 'n onafhanklike gesondheidsorgstelsel in Orania is nie meer net 'n droom nie; dit het 'n duidelik gedefinieerde pad vorentoe. Die inisiatief, onder die nuwe maatskappy **MSW Orania Gesondheidsorg,** het 'n raad van direkteure aangestel wat bestaan uit Karin Bain, Jannie Roux, en dr Lardus Erasmus. Die plan is om lede van die vier grondentiteite in te sluit om 'n breë verteenwoordiging te verseker.

Die beplande gesondheidsentrum sal meer as net 'n doktersprakty wees. Die voorneme is om bestaande dienste soos die laboratorium en X-straalkamers van die huidige kliniek te behou en te verbeter. Deur die spasie te herorganiseer, sal daar meer spreekkamers geskep word om 'n verskeidenheid mediese beroepslui te akkommodeer. Daar word ook reeds met Local Choice-apteke onderhandel oor die moontlikheid om die bestaande apteek oor te neem. 'n Interessante nuwe konsep wat oorweeg word, is 'n vliegmediese diens.

Hierdie inisiatief is 'n oproep tot aksie aan elke Oraniër, nie net 'n plan vir die gemeenskap nie. Die fokus is op die opbou van 'n volhoubare stelsel wat op die samewerking van die private sektor, plaaslike gesondheidswerkers, en die gemeenskap self berus. Daar word verwag dat mediese personeel hulself sal betrek by 'n gesamentlike gesprek sodat 'n lys van hulpbronne en vaardighede saamgestel kan word. Die tyd vir praat is verby, en die tyd vir dade het aangebreek.

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur Dia van Staden | Grafiese ontwerp: Orania Digitaal | Kontakbesonderhede redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180**



# KOFFIE EN KLETS

met die redakteur



## Wees 'n Charlie Kirk



Op die jeugdige ouderdom van 31 het hy soveel Amerikaners se lewens aangeraak en sonder om te skroom God as sy verlosser verkondig. Hoeveel leiers is bereid om dit te doen? Hoeveel jeugleiers vrees nie etiketering nie, en erken God openlik as hul saligmaker, staan vir familiewaardes en vir geregtigheid? So was Charlie Kirk.

Rotsvas, opreg, eerlik, respekvol en lojaal – dit is net 'n paar van die eienskappe wat ek van dié dinamiese jongman kan uitlig. Hy is vermoor, maar sy stem kan voortleef in die honderde video's wat hy vir sy land en mense se voortbestaan gemaak het. Hy was dalk 'n Amerikaner, maar sy boodskappe is universeel en navolgenswaardig.

Die eie ek was nooit sigbaar in sy werk nie. Met dryf en deursettingsvermoë het hy gewoeker om 'n boodskap van vrede, ywer en naasteliefde oor te dra.

Watter boodskap is daar in Charlie se lewe, en nou sy dood, vir ons? My wens is dat baie Charlie's nou sal opstaan, hulle stemme laat hoor en die goeie stryd stry! Dit is nie veronderstel om uniek aan die VSA te wees nie. In ons dorpe, stede, provinsies en ons land het ons soortgelyke stemme nodig wat korrupsie, misdaad, ongeloof, haat en nyd beveg, maar daarmee saam die Goeie Boodskap bring!

Nie politiekery of groepe wat net vir hul eie missie veg nie, maar stemme wat oorkoepelend gehoor kan word, omdat God hulle bemagtig en hulle bereid verklaar om Sy koninkryk te laat juig.

..."jy moet jou naaste liefhê soos jouself..." sê God se woord. Dit is een van Sy moeilikste opdragte. Dit is duidelik aan die verkragtingsyfers, moordsyfers en hofsake wat in howe aangehoor word. Hoe het ons toegelaat dat twis meer aandag as vrede kry? Slegte nuus vorm baie meer gereeld deel van gesprekke as goeie nuus.

Is dit omdat die eie ek op die voorgrond wil wees? In 'n "selfie" wêreld is dit nie verbasend nie. Ek verkies 'n "onsie"! Kom ONS leef, glimlag, gesels en kommunikeer met 'n bewustheid van ONS en 'n fokus op die GOEIE nuus!

Klink 'n koffie boeretroos met 'n geliefde, vriende, familie of kollegas – maar keer die gesprek bewustelik na 'n positiewe ingesteldheid.

#saamisONSsterker #charliekirk #sohelpONSGOD

Dia van Staden

# RUBRIEK Die Wynvlieg waai in

## Van Trompie tot TikTok: Die "Bokshaarbende"

Deur: Wynvlieg Woltemade

Ons het grootgeword met Trompie en die Boksombende. 'n Paar seuns, 'n boomhuis, en so nou en dan 'n opdons. Dit was romanties gemaak- die seun van die volk wat leer hoe om sy plek te hou. 'n Stoeigeveg het beteken jy's deel van iets, jy leer jou les, en almal het weer saam gesit op die stoep met 'n toebroodjie en stroop.

Maar vandag lyk dit anders. Daar's geen boomhuis nie. Daar's 'n WhatsApp-groep. Dis nie net meer net seuns met vuiste nie- dis meisies en seuns met fone, met video's, met slegsê-stemnotas. Selfs psigologiese en letterlike afpersing. En die opdonsery is nie meer 'n blou oog nie. Dis 'n hele dorp wat sien hoe iemand voor 'n kamera gebreek en geboelie word.

Dis maklik om te sê: "Dis net kinders." Maar iets broei hier.

Ons het 'n kultuur van "wees sterk, hou jou plek, moenie huil nie." Nou kyk ons hoe daardie idee skeefloop in kinders wat mekaar sterk wil wys- en dogters wat mekaar wreed trap om dit te bewys.

Die nuwe bendehuis is nie meer 'n houtboom met 'n touleer nie. Dis 'n groepchat met gifs en emojis- en die uitsluiting sny skerper as 'n vuis. En ja, soms word dit handgemeen, en dit lyk nie meer na speletjies nie…

Ons kan nie maak asof dit onskuldig is nie. Want dit raak aan ons kultuur, ons dorp, ons mense. Ons mense maak nie so nie. En as ons hoofde, leiers en ouers nie begin sê en doen nie, dan gaan die nuwe bendehuis net groter word- en ons gaan eendag wakker word in 'n dorp wat nie meer soos Orania lyk nie.

Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek hou vas aan Trompie se touleer- maar sien hoe ons kinders eerder klouter op data as op dissipline. En dis nie 'n klim wat mooi eindig nie.




# Servituutpad se opknapping vorder

Dia van Staden - Redakteur

Meer as 'n jaar gelede het die Orania Dorpsraad se Ingenieursafdeling 'n opname in die gemeenskap gemaak waar die opsies vir teerpaaie gelys was. Daar is tellings van voertuie wat die verskillende paaie gebruik gemaak om uiteindelik by die resultaat uit te kom.

Meeste huidige gebruik + Meeste toekomstige gebruik + Uitdagings met sigbaarheid as gevolg van stof en die fel oggendson = SERVITUUTPAD word geteer!

Daar is begin deur die pad se vlakke te bepaal nadat die kennisgewing aan die gemeenskap op 4 Augustus uitgestuur is. Op Maandag 12 Augustus het die bedrywighede in alle erns begin. Die welkome reën het egter die tydlyn met ten minste 6 weke laat aanskuif. "Die kostes vir die bou van die pad kom uit die grootmaatdienstefonds aangesien al die erfeienaars bydraes gemaak het," dui André van Heerden, hoof van Ingenieursdienste aan. Hy noem dat die toename in die aantal besighede op daardie pad bydra tot die gereelde gebruik.

Die toename in gebruik van die toegang tot die Bo-Karoo Opleidingsentrum (BKO) en die CVO-skool vanaf die servituutpad skep 'n veiligheidsrisiko. "Die pad het baie onveilig geraak met die toename in stof en die ongemaklike oppervlakte van die pad wat al te veel geskraap moes word. Die klagtes van voertuie wat uitmekaar skud en bykomende faktore van onderhoud het die bygedra tot die besluit," vertel André.

Francois Dirker, Projekbestuurder en Hoof van paaie vertel dat oproepe oor bandskade as gevolg van die groot klippe wat begin uitsteek het tot meer kopsere gelei. Vir hom, wat al as seunjie saam met sy pa betonwerk en die bou van paaie beleef het, is die vasstel van vlakke die grootste uitdaging. Die klipformasies op die pad veroorsaak dat uitgrawings bemoeilik word.

Die feit dat die bestaande pad en hele paar ingange na besighede ingedagte gehou moes word, het die vasstel van die nuwe pad se vlakke, ter wille van reën en veiligheid, tyd gevat. André en Francois lig die belangrikheid van die korrekte vlakke uit wanneer hulle noem: "Vlakke bring balans. Die pad moet laer wees as die parkeerareas van besighede. Ons moes op sekere plekke opvul, want die pad moet 'n dwarsval hê sodat reënwater aan die kant van die pad afgevoer kan word. Dit bly maar heeltyd 'n balanseertoertjie."

"Die ompaaie wat tans gebruik word bring baie stof mee en die manne wat daar werk se oë en asemhaling word daardeur belemmer," vertel Francois. Hy was ook betrokke by die bou van die fondasie vir die Orasolbattery.

"Ons kon seker vir die Departement van Paaie wag of die nood vir 'n beter pad motiveer, maar aangesien dit 'n lae-orde pad, en nie prioriteit is nie, maak dit sin om dit self te doen," sê André. Volgens hulle het die pad nie eers 'n nommer as jy op 'n kaart daarvoor soek nie.

Die plan is tans om teen einde Oktober die pad volledig tot in die middel van Wilco te bou sodat voertuie die pad sal kan gebruik. Die voltooide gedeelte se rantstene sal dan ook gelê word. Gedurende November sal voorbereidings getref word om die verdere gedeelte tot by die R369 te voltooi. Die klein span ywerige werkers voorsien dat Desember se toename in verkeer van daardie pad hulle nie prakties sal toelaat om daar te bou nie. Die skatting is om vroeg in Januarie weg te spring en teen die einde Maart 2026 te voltooi.

André noem dat die leeftyd van 'n teerpad ongeveer 20 jaar is, indien die pad elke 5 jaar met 'n seëllaag bedek word. Die onderhoud op 'n teerpad is makliker omdat 'n slaggat of skade herstelbaar is.

**Kostes van die servituutpad**
·**Begroting**: R4.2 miljoen
·**Lae materiaal:** 100 kubieke meter grond (G5 en G1) word per laag gebruik.
Materiaalkoste: R2.4 miljoen (rantstene uitgesluit)



Ons padbouers... Voor staan Renado de Swardt en Martin Ras, Lourens van den Heever en Jan Kruger sit op die roller. Francois Dirker, Andre v Heerden en Martin vd Westhuizen voltooi die span.

# ORANIA DAGBOEK

## September


13 - Orania gaan Groot
16 - Binnelandse Sake besoek
19 - Volkskool Orania – skole sluit
19-20 - Tafeltennistoernooi
25 - OTV - Kunsmatige Intelligensie
10 - Massakoor
11 - Juffrou Linky Karnaval
13 - Orania CVO-skool heropen
17-31 - Bejaardeweek
26 - Stap vir Jesus

## Oktober

3 - Aandmark
8 - Sakekamer netwerksessie
7 - Volkskool Orania heropen
9-11 - Karnaval
11-16 - Taalweek
10 - Heldedag

## November

1 - Raar maar Waar Speletjiesaan
7 - Aandmark
22 - #Hoezitsamelewing – Francois Boyce



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# 'n Toekoms naby water gevestig

Dia van Staden - Redakteur




Foto: Dia van Staden

Gerrit en Adéle Crous, eienaars van die Monte Crous Hotel, werk skouer aan skouer om hulle dorp se ontwikkeling te bevorder en Vanderkloof weer 'n unieke vakansiebestemming te maak.

Adéle en Gerrit Crous, 'n egpaar wat in 'n gimnasium ontmoet het, het sedert hul troue in 2006 onophoudelik aan gewigtige take gewerk. Hul mees onlangse projek, die herlewing van die Monte Crous Hotel in Vanderkloof, is die jongste bewys van hul toewyding en ondernemingsgees.

Nadat hulle voor die grendelstaat 'n eiendom buite Gauteng se bedrywige lewe gesoek het, het die egpaar op die klein dorpie aan die oewer van die Vanderkloofdam afgekom. Hul liefde vir water het die deurslag gegee, en hulle het die potensiaal van die dorp raakgesien, vasbeslote om saam daaraan te bou. Gerrit het ondervinding in verskeie korporatiewe en entrepreneuriese velde. Hy lig die kos en energiebedryf uit.

Die Monte Crous Hotel het 'n ryk geskiedenis. Dit het oorspronklik in 1976 as verblyf vir die ingenieurs van die damwal gedien, en sy bestaan is onlosmaaklik aan die dorp s'n gekoppel. Die Crous-egpaar het hierdie potensiaal raakgesien toe die eiendom, wat voorheen as Pride Rock bekend gestaan het, vir jare lank leeg gestaan het en verwaarloos was. Hulle het 'n groot belegging gemaak om dit te restoureer en te omskep in 'n plek wat in die dorp se behoeftes kan voorsien – 'n ordentlike restaurant, 'n speelplek vir kinders en 'n bruikbare ruimte vir die gemeenskap.

Die hotel bied nou 'n wye verskeidenheid dienste. Dit spog met 23 kamers, 'n konferensiekamer, 'n kunsgalery, en 'n restaurant wat 54 gaste kan akkommodeer. Die restaurant het vinnig bekend geword vir sy gewilde Sondagetes en spyskaart wat Mosambiekse en Kaapse disse insluit. Die

Die Monte Crous Hotel is meer as net 'n besigheid; dit is deel van Adéle en Gerrit se visie vir die toekoms van Vanderkloof. Hulle beoog om 'n volhoubare gemeenskap te skep en beplan selfs om 'n aftreeoord langs die Damwal Vanderkloof Karavaanpark te bou. Hierdie aftreeoord sal sy eie restaurant, gimnasium en helikopterlandingsblok hê, met 'n beplande voltooiingsdatum van Desember 2026. Hulle glo dat die verskaffing van mediese sorg, voedsel en ander noodsaaklikhede die dorp sal help om te groei en te floreer vir toekomstige geslagte.

Die Monte Crous Hotel is 'n bewys van wat twee toegewyde mense kan vermag as hulle hard werk en in hul droom glo.

buitearea kan tot 300 mense akkommodeer vir funksies en vermaak. Met sy swembad, staproete in die bosse en 'n opwindende kinderspeelplek, is die hotel die perfekte bestemming vir 'n gesinswegbreek.

As deel van hul plan om Vanderkloof se ekonomie te laat groei, het die Crous-egpaar die dorp as 'n vakansiebestemming begin bemark. Dit is 'n direkte reaksie op die beperkings wat Eskom op die dorp se kragtoevoer geplaas het, wat verdere ekonomiese ontwikkeling verhinder. Die gemeenskap, in samewerking met die plaaslike belastingbetalersvereniging, het hande gevat om hierdie uitdaging te oorkom deur onder meer straatligte op sonkrag te sit en stappe te neem om krag te bespaar sodat die toegegewe megawatt-limiet nie oorskry word nie. Deur hul fokus te verskuif na toerisme en gasvryheid, bou hulle nie net die plaaslike ekonomie nie, maar skep ook 'n volhoubare toekoms vir Vanderkloof, wat 'n aantreklike bestemming vir beide inwoners en besoekers maak.

Die Crous-egpaar het 'n unieke benadering tot bestuur. Hulle kyk goed na hul 11 personeellede en moedig hulle aan om die besigheid te hanteer asof dit hul eie is. Hulle beskou hul personeel as werksvennote en beplan selfs om aan topbestuurders aandele in die besigheid te gee. Hierdie beginsel verseker uitstekende kliëntediens, wat vir hulle prioriteit nommer een is. Die hotel is 'n voorbeeld van gemeenskapsondersteuning: 99% van hul boumateriaal en vleisvoorraad kom van Orania en die plaaslike besighede af. Hulle aanvaar selfs die Ora, Orania se eie koeponeenheid, wat hul verbintenis tot die streek verder beklemtoon.




## Mediese dienste vir Vanderkloof

Dia van Staden

Gerrit Crous, eienaar van die Monte Crous Hotel, se respek vir dr. Philip Nothnagel het reeds tydens die grendelstaat ontstaan toe dr. Nothnagel sy ma se mediese sorg oorgeneem en haar tot herstel begelei het. Dié respek en 'n diepgaande begrip vir die uitdagings wat dr. Nothnagel in die gesig staar, het Gerrit gedryf om 'n volhoubare oplossing te vind.

Dr. Philip Nothnagel het vir meer as 6 jaar diens in Orania gedoen, maar die werkslading om 'n 24-uur diens alleen te lewer, is nie volhoubaar nie. Volgens Gerrit, wat 'n aandeelhouer in die ontwikkeling van die nuwe hospitaal in Vanderkloof is, het dr. Nothnagel by die Orania Ontwikkelingsmaatskappy aangeklop vir hulp nadat vele pogings onsuksesvol was om 'n bykomende dokter te kry om saam met hom in Orania te werk en daar te woon.

Gerrit kon nie toelaat dat 'n gekwalifiseerde dokter emigreer of uit die gebied verhuis sonder om na 'n oplossing te soek nie. "Die dokter wat in Orania of Vanderkloof wil werk, moet nasiebou en kultuur verstaan, ons geloof deel en 'n goeie werksetiek hê," sê hy.

Die munisipale swembad in Vanderkloof was 'n olimpiese swembad wat Gerrit sowat drie jaar gelede met 'n tender aangekoop het. Die moontlikheid om die swembad weer te heropen, het finansieel nie sin gemaak nie. Daar is oorweeg om 'n skool met die hulp van beleggers op die 1.5ha perseel te bou totdat die behoefte aan 'n hospitaal ontstaan het.

Die goeie nuus is dat boumateriaal reeds afgelewer is en bouwerk binnekort sal afskop. "Ons sal moontlik wegtrek as 'n mediese sentrum, alhoewel die aansoek vir 'n hospitaallisensie ingehandig is," vertel Gerrit. Die betrokkenheid van die plaaslike munisipaliteit en ander rolspelers word tans bestuur. Dr. Philip Nothnagel en dr. Louis Oelofse het as adviseurs opgetree, en kenners in Gauteng het gehelp om planne vir die nuwe hospitaal op te trek. Dr. Nothnagel het reeds 'n spreekkamer in Vanderkloof waar hy deeltyds dienste lewer.

Gerrit vertel dat die mediese toerusting wat tans in Oramed beskikbaar is, aan dr. Nothnagel behoort. Die plan is om 'n nuwe ambulans aan te koop en 'n soortgelyke mediese pakket soos Niamed word ondersoek. Pasiënte van al die omliggende dorpe sal met een van twee bussies gehaal word om mediese sorg te kry, wat die plan volhoubaar sal maak oor 'n groter gebied. Hy beklemtoon die feit dat bejaarde inwoners van Orania en Vanderkloof behoue moet bly vanweë die mediese dienste wat aangebied word.

'n Helikopter-landingsblad word agter die Vanderkloof hospitaal beplan. Spesialiste sal weekliks die mediese sentrum kan besoek deur in te vlieg vir hul afsprake. Die plan is om die apteek in Vanderkloof te behou, waar dr. Pieter Pelser steeds diens sal doen. 'n Permanente dokter sal die aptekersdiens met voorskrifte versterk.

Gerrit vertel dat hy self in Orania wil belê omdat hulle aanhangers van die idee is. Daar word volgende week by die Orania-apteek uitgebrei met die inbou van 'n spreekkamer en noodkamer. "As ons die ondersteuning kry van betrokke persone, sal dit 'n bate vir Orania wees," sê hy. Drie algemene dokters en een spesialis het reeds aangedui dat hulle belangstel om van diens te wees.

"Aan die einde van die dag gaan dit oor die mediese dienste wat aangebied word om inwoners gemoedsrus te gee," sê 'n dinamiese Gerrit Crous.

**MENING STUK**

deur Jan Snyder

# As die Hoender 'n Haan is



*Vrywaring: Hierdie is die siening van die outeur, en verteenwoordig nie enige groep of organisasie in en van Orania nie.*

In die Augustusmaand uitgawe van Koerania het ek gepraat oor 'n moontlike strategie vir die daarstelling van 'n selfbeskikkende, selfregerende gebied waarin Orania 'n leidende rol kan speel vir die daarstelling daarvan sonder om eie identiteit en ideologië prys te gee.

In hierdie meningstuk word daar nou spesifiek aandag gegee aan die Orania Oorgangsgebied, die uitdagings wat dit in die gesig staar en hopelik een of twee voorstelle oor hoe dit hanteer kan word.

Die eerste punt wat uitgelig moet word is dat die onlangse sensus 'n klompie kommerwekkende tendense aan die dag gelê het. Groei in bevolking as persentasie per jaar het van 'n hoogtepunt van 15% in 2020 tot 5% in 2024 afgeneem, en dit is 'n ope vraag wat dit in 2025 gaan wees. Daar is 'n groot skuif van geregistreerde besighede tussen kategorieë. In 2020 was Dienslewering, Handel en Konstruksie 89% van die ekonomie, in 2024 was dit 68%. Gasvryheid, soos ek nog altyd propageer het, speel nou 'n belangriker rol, en op die oog af wil dit lyk of vervaardiging baie positief toegeneem het, maar mens sal moet kyk watter tipe besighede hulle nou as vervaardigers geregistreer het. As dit 'n eenmansaak is dra dit nie noodwendig substansieel by tot die ekonomie nie. Die feit dat opleiding nie gegroei het nie is nogal verbasend, siende die groter getal studente in die dorp. En wat die getal besighede aanbetref, is ons nog steeds onder die 2020 maatstaf van 129 besighede.

Wat werksgeleenthede aanbetref, is dit moeilik om die situasie in persentasies uitgebeeld, te analiseer. Getalle sou dalk meer duidelikheid op die saak gewerp het. As 'n besigheid een persoon in diens gehad het en daar is nou twee, is daar 100% styging, maar maak dit 'n wesenlike verskil?

Daarby het sakevertroue dramaties afgeneem van 'n hoogtepunt van 80% in 2022 wat gesê het hulle dink sakevooruitsigte is goed en uitstekend na 42,3% wat so dink in 2024. Daarteenoor het die getal wat gedink het sakevooruitsigte is swak en baie swak tienvoudig toegeneem vanaf 2% in 2020 tot 20,3% in 2024. In my opinie is dit kommerwekkende statistiek.

Die grootste gedeelte van Orania se bevolking lê nog steeds in die Orania Aandeleblok. As mens vryelik van 'n dorp praat, praat mens eintlik nog van 'n maatskappy wat onder privaatreg die maatskappy volgens die diskresie van die Direksie bestuur, ongeag die gevolge vir die nie-aandeelhouers. Die OAB direksie stel elke jaar in Desember die begroting vir die volgende jaar beskikbaar. Synde 'n maatskappy te wees, word daar van hulle verwag dat hulle waarde vir hul aandeelhouers moet genereer en nie hulle uitgawe begroting oorskry nie. Die 2025 begroting het voorsiening gemaak vir slegs 3% groei, wat as dit saam met die bevolkingsgroei geneem word, 'n kommerwekkende tendens aandui. Want sonder dramatiese groei in hulle bronne van inkomste, hoe gaan die veel vinniger stygende uitgawes gedek word? Veral aangesien die skenkings ook elke jaar minder word en daar plaasvervangende inkomste daarvoor gevind moet word. Daar is tog na alles 'n limiet op hoeveel mens dienste kan verhoog om die stygende uitgawes te verhaal as die getal lokale belastingbetalers nie dienooreenkomstig styg nie. En as mens die begroting deeglik beskou is dit duidelik dat daar in die begroting nie geld is om gesubsidieerde nywerheidsvestiging te akkomodeer nie. Daar sal dus 'n groot dryfkrag uit die privaatsektor en die landbou moet kom.

Wat ons by die haan, die hoender en die eier bring. Wanneer daar gevra word, wat was eerste? Die hoender of die eier? Dan is daar baie verskillende opinies, net soos daar in Orania baie opinies is oor wat die roete is wat ons moet volg na Vryheid. Maar as die hoender nou uitdraai om 'n haan te wees, dan dink ek dit is baie beter om eerder 'n eiertjie te hê. Ek doen 'n beroep op julle almal, kom lê jou eiertjie. Kom ons probeer beleggingskonferensies in Orania reël, kom ons stel 'n prospektus op en bemark dit agressief en kyk of dit beleggings kan lok.

Dit is nou tyd dat almal in die groter Orania koppe bymekaar sit om te kyk hoe en waar ons die goedkoopste verblyf kan skep deur innoverende denke soos gemeenskapsgrond, trusts, dalk selfs iets soos kibboetse of gemeenskapsplase. En ook waar ons goedkoop en bekostigbare minifabrieke as die middelpunt van nywerheidsontwikkeling kan begin. Iets moet ons doen, anders sal ook my besigheid oor minder as twee jaar ophou bestaan.

# Watervleuel benodig vlerke

Theunie Kruger

Die Orania Watervleuel het ontstaan na die tragiese verdrinking van Klarissa Joubert gedurende 2021. Die Watervleuel bestaan uit agt tot tien toegewyde vrywilligers wat passievol is om waterveiligheid in en om Orania te bevorder en tot die gemeenskap se diens op te tree. Sekere skenkings en donasies en 'n beperkte begroting wat deur die Weerbaarheidsvereniging daargestel word, het die Watervleuel in staat gestel om basiese opleiding te ondergaan en basiese toerusting aan te koop.

Aangesien die span altyd poog om na die beste van hul vermoë met die toerusting tot hul beskikking te funksioneer, word die behoefte vir meer gevorderde toerusting noodsaaklik. Beter toerusting lewer geleenthede vir lede om beter opleiding te ondergaan. Geen stap in die volgende rigting kom egter gratis nie en verskeie reddingscenarios benodig meer gevorderde toerusting en die vernuf om daardie toerusting optimaal te benut.

Sommige van die spanlede wat reeds 'n geruimte tyd van die Watervleuel deel uitmaak, gebruik hul persoonlike toerusting om belangrike take te verrig. Die opleiding wat die span wil onderneem dwing hulle om inisiatiewe aan te pak wat vir hulle fondse kan genereer. Die dans vir die gemeenskap was een van daardie inisiatiewe.

Dié span is toegewyd en is gereed om die gemeenskap te dien waar nodig. Hulle kan elke skenking of donasie doelgerig aanwend vir dié taak. Kontak Cobus Maree by 082 851 3795 om jou hulp, bydrae of fondsinsamelingsidee aan te bied.



Foto: Dia van Staden

Tydens 'n onlangse dans wat vir fondsinsameling gehou is het Theunie Kruger, Mauritz Meyer, Conrad Basson, Delarey Maree, Cobus Maree en Carel van den Berg ook hulle dansskoene aangetrek. Agter is John Sutherland en Divan Schutte gereed om die roeispaan na die dansbaan te neem.

# Orania-ekonomie moet van buite na binne groei



Die Orania Sakekamer het op Vrydag 7 September hul netwerksessie by die Wafelhuis aangebied. Tydens dié geleentheid het Conrad Basson, eienaar van Eden & Co, die gaste toegespreek en sakelui met hul suksesverhaal en praktiese wenke geïnspireer.

Conrad het beklemtoon dat die kern van sukses lê in die vermoë om groot te droom. Sy boodskap was duidelik: "As jy dit nie kan droom nie, kan jy dit nie doen nie." Hy het aan die gehoor gesê dat diegene wat 'n sakeonderneming wil begin, slegs twee keuses het: "Jy maak 'n plan of jy gooi die handdoek in."

Volgens Basson is dit noodsaaklik dat die Orania-ekonomie groei deur geld van buite in te bring. Hy het gesê as plaaslike ondernemings nie begin dink aan maniere om hul produkte en dienste buite die dorp te bemark nie, sal hul groeipotensiaal beperk bly. Hy glo die ekonomiese lewensvatbaarheid van die dorp sal bepaal of Orania vir potensiële en voornemende inwoners aantreklik sal wees.

Conrad het die gehoor ook uitgedaag om selfrefleksie toe te pas. Hy het genoem dat inwoners en besigheidseienaars mekaar dikwels verskoon vir swak diens of substandaard produkte. Hy het gewaarsku dat die mededinging buite Orania genadeloos is en dat enigiets minder as professionele, wêreldklas diens nie daar geduld word nie. "Ons kan nie mekaar aanhou verskoon vir swak diens of produkte nie, want as ons nie kla nie, is ons deel van die probleem," het hy gesê.

Conrad het die noodsaaklikheid van professionele diens, spoedige reaksie op e-posse en die vinnige voltooiing van kwotasies beklemtoon. Hy het bygevoeg dat om jouself as 'wêreldklas' te handhaaf, jy elke dag hard moet werk. Hy het entrepreneurs aangemoedig om nie bang te wees om te begin en klein tree te gee nie."

Hy en sy vrou, Nikke, woon al agt jaar in Orania. Hulle het hul onderneming, Eden & Co, sonder enige personeel begin. Hulle het aanvanklik op die basiese beginsels gefokus: vinnige reaksie op navrae en die regdoen van die klein dingetjies. As juweliers beskou hulle ook detail as uiters belangrik. "Ons maak seker dat dit vir 'n kliënt lekker is om ons produk te ontvang en ons gee aandag aan gehalte-verpakking. Ons bedien kliënte in hul eie taal," het hy gesê.

Die spreker het ook die belangrikheid van bemarking benadruk, veral e-posbemarking. Hy het gesê dat die bou van 'n kliëntedatabasis via 'n webwerf 'n sleutelfaktor vir enige besigheid is.

Conrad het die gehoor bemoedig deur te noem dat aanlynbesighede vandag uiters gewild is, wat die sake-omgewing in Orania bevoordeel. Hy het wel die waarskuwing gerig dat sodra jy buite die dorp begin sake doen, jy met die res van die land sal meeding. Hy het lede uitgenooi om met hom in verbinding te tree om besigheidsidees of uitdagings te bespreek.

Die volgende netwerkgeleentheid sal op 8 Oktober plaasvind. Hou die Orania Sakekamer se platforms dop vir meer inligting.



Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Paul Kruger se beeld binnekort 'n werklikheid

Dia van Staden - Redakteur

Die replika van Paul Kruger se beeld vertrek op 24 September vanuit Pretoria op ‘n interessante roete tot in Orania. Daar word in verskeie dorpe gestop waartydens inwoners hulle ondersteuning kan toon deur te kom groet of selfs nog ‘n steen te bekom wat in die voetstuk van die beeld ingebou sal word. Hou hul sosiale media platforms dop om op hoogte te bly van al die dorpsbesoeke en die opwinding wat hul op die pad beplan en sal beleef.

Volgens Dewald Otto is meer as 10 000 stene reeds deur ‘n paar kontrakteurs en bouers vir die voetstuk van die Paul Kruger beeld, wat op 10 Oktober onthul sal word, gelê. Uiteindelik sal daar 12 500 stene gebruik word om die estetiese voetstuk te voltooi. Het jy al ‘n steen gekoop om deel te wees van hierdie geskiedkundige gebeurtenis?

Daar is 34 ton se opvulmateriaal, G5, gebruik om die fondasie te versterk. Daar was hierdie week gewoeker om die skag te bou sodat “Oom Paul” in wind en weer regop kan bly. Die metaalstawe is ondergronds gevleg, want die beeld, wat 1.5 ton weeg, moet vir lank sy plek in Orania kan vol staan.

Kontak Pieter Bisschoff by pieter@ontwikkelorania.co.za vir besonderhede om ‘n steen te bekom of om die span padlangs op die roete te groet.

Maak seker jy het ŉ nalatenskap vir die geslagte wat nog kom! Koop jou simboliese steen om hierdie reis moontlik te maak en belê in iets tasbaar vir jou nageslag en verewig jou naam op die nuwe plein in Orania.







Koop jou Krugersteen hier: https://www.orania.co.za/paul-kruger

Lees meer oor die Krugerbeeld hier: https://fak.org.za/ewebeeld-van-krugermonument-in-orania/

Ewebeeld van Krugermonument in Orania - https://fak.org.za/kom-trek-saam-met-paul-kruger/

Kom groet, vier, en stap saam in die spore van Paul Kruger.


Die Otto Siviele Bou projekspan wat hierdie week gewerk het aan die skag en bou van die voetstuk vir die President Paul Kruger standbeeld het tyd gemaak vir 'n foto. Links voor staan Ricardo Beneke en Chris Bornman. Ruan de Jager, Edwin de Wet, Theuns Goosen en Dewald Otto staan agter.

# Hou boek van intieme tyd met God


Foto: Dia van Staden
Carien Stander het vroue uitgedaag om ander te vertel hoe goed God vir elkeen was of is!

Op Vrydag 5 September het Carien Stander ‘n leergierige groep vroue naby Hopetown besiel met haar aanbieding getiteld: Intimiteit met Jesus deur joernaalhouding.

Carien het vroue met groot sensitiwiteit deur die liefdeslied bo alle liedere, Hooglied, begelei. Sy beskryf intimiteit in haar eie woorde: “Intimiteit is wanneer ek my hart na God toe draai.” Sy het die diagloog tussen die Bruid en haar Bruidegom, soos wat Hooglied dit beskryf, met onderskeiding gedeel.

Uittreksel soos vertaal van www.thedesertcall.com:

Carien Stander bly in die 'platteland' van die dorre Noord-Kaap. Sy is getroud met Hennie en saam het hulle twee dogters, Zenika en Kayla. Carien is lief daarvoor om God in groot en klein lewenssake te soek. Sy is passievol oor die beoefening van die teenwoordigheid van die kosbare Heilige Gees en om 'n voortdurende intieme verhouding met Jesus, haar Verlosser en Bruidegom, te koester.

Sy sal selde nee sê vir nog 'n koppie tee, en jy sal haar gereeld in die natuur vind waar sy stap of iets lees, terwyl sy stilte en afsondering omhels. Carien is lief vir die profetiese en verlang daarna om bekend te staan as iemand wat ander inspireer om weer en weer verlief te raak op haar Hemelse Vader, Jesus - haar beste Vriend en die Heilige Gees - die Een wat voortdurend onderrig en skep.

Sy het verskeie redes verskaf om die noodsaaklikheid van joernaalhouding te verduidelik en maniere waarop God sy stem laat hoor, beklemtoon. Sy noem die lewende woord, gebed, boodskappe van mense, drome, geestessintuie, musiek en joernaalhouding as ‘n paar.

Die redes vir joernaalhouding is vir elke individu ‘n persoonlike keuse, maar sy herinner dat elkeen hul emosies, vrae en verlange na God toe kan neem tydens joernaalinskrywings.

Sy skryf: “Vir 'n paar maande in 'n sekere tydperk van my lewe het ek myself in die gees gesien, besig om by 'n tafel te skryf. Wat ek op daardie oomblik geskryf het, het eers 'n paar jaar later duidelik geword. Nadat ek die Stem van God deur gebed, Bybelstudie en joernaalinskrywing ontdek het, het dit wat ek in die gees gesien het, 'n werklikheid geword. Soos ek leer om die Heilige Gees in te nooi en op God te wag, het woorde van aanmoediging, lering en bevestiging van Sy liefde uit my pen gevloei.”

Besoek www.thedesertcall.com om meer te lees en te weet waarmee Carien besig is. Nooi haar na jou volgende geleentheid waar sy waarde kan toevoeg tot vroue se geestelike groei.






'N STUDIETUISTE VIR Afrikaners

Bo-Karoo Opleiding is 'n privaat opleidingsinstelling in Orania wat beroepskwalifikasies in skaars vaardighede aanbied:

**Boerderybestuur en Meganisasie**
**Tuisversorging | Tuissorgassistent | Vroeë Kinderontwikkeling**
**Bou & Siviele Konstruksie | Siviele Ingenieurswese | Elektries | Loodgieter**

Ons opleiding is gegrond op Christelike waardes en diep gewortel in die vryheid en unieke erfenis van Afrikaner kultuur. Kom studeer in 'n vry, veilig en voorspoedige omgewing, hier op ons kampus sonder mure.

www.bko.co.za
053 110 0620

BKO
BO-KAROO OPLEIDING

# Ontmoet die studente aan die stuur van Bo-Karoo Opleiding

Dia van Staden



Foto: Dia van Staden

Pedri van Tonder en Rian de Necker, saam met die res van die studenteraad, is die dryfveer agter BKO se jong hartklop. Hulle verteenwoordig 'n nuwe geslag leiers wat

In die hartjie van die Noord-Kaap, waar die landskap breed en oop is, is Bo-Karoo Opleiding (BKO) besig om die volgende generasie leiers op te lei. Twee van hierdie jong leiers, Rian de Necker en Pedri van Tonder, is sprekende voorbeelde van die toewyding wat die kampus kenmerk. As onderskeidelik die Voorsitter van die Studenteraad (SR) en die Onder Voorsitter en kaptein van die rugbyspan, speel hulle sleutelrolle in die vorming van die studentekultuur.

**Die Voorsitter: Rian de Necker**

Rian de Necker, 21 jaar oud, het 'n onkonvensionele pad na die voorsitterstoel geloop. Nadat hy matriek aan die CVO-Orania voltooi het het hy eers 'n jaar op 'n plaas naby Hartswater gewerk. Dit was hier waar sy neef hom aan die wêreld van elektriese toerusting voorgestel het. Hoewel hy aanvanklik die droom gehad het om Sol-Tech toe te gaan, het die hoë koste hom na BKO gelei, waar hy nou een van 21 studente is wat vir 'n elektriese kwalifikasie studeer.

Ten spyte van die aanvanklike ompad, het Rian homself vinnig gevestig as 'n student met 'n doelgerigte ingesteldheid. Hy is gekies as SR-voorsitter vanweë sy betrokkenheid en leierseienskappe. “As ek iets besluit, gebeur dit,” sê hy, hoewel hy beklemtoon dat hy altyd na ander se idees luister. Saam met die ander ses SR-lede, wat uit vier verskillende koshuise kom, beraadslaag hy oor nuwe tradisies om die studentekultuur te verryk. Een van sy grootste dryfvere is om nuwe studente welkom te laat voel en 'n kultuur te skep waar almal 'n gevoel van trots en tuiste ervaar.

As voorsitter is Rian se primêre taak om sy mede SR-lede te ondersteun en vergaderings te lei, maar hy vind ook tyd vir ontspanning. Hy is 'n kranige rugbyspeler en speel senter, wat verseker dat hy nooit verveeld raak nie. Saam met sy vriende in Vaalboskoshuis geniet hy die koshuislewe – van braais en visvang by Sandbaai en die VanderKloofdam tot die unieke plaaslewe-ervaring soos "boendoebashing" en die vang van springhase. Oor die toekoms is hy duidelik: as hy te oud raak vir elektriese werk, wil hy graag boer, net soos sy pa.

**Die Ondervoorsitter: Pedri van Tonder**

Pedri van Tonder, oorspronklik van Windhoek, Namibië, is ook die kaptein van BKO se rugbyspan. Hy speel flank en is bekend vir sy vermoë om die span bymekaar te hou. "Ek is 'n goeie leier, probeer almal bymekaar hou en maak mense op die rugbyveld rustig," sê hy. Hy is 'n motiverende krag, wat die span aanmoedig om foute reg te maak en nooit moed te verloor nie.

Pedri bring ook hierdie leierseienskappe na sy rol as SR-lid. Sy vermoë om te luister, te ondersteun en te help is vir hom uiters belangrik. Pedri sien die behoefte om die verskillende beroepsrigtings op kampus meer by mekaar te betrek, sodat studente soos dié in Boerderybestuur en Tegniese studies mekaar beter kan leer ken. Deur gesamentlike geleenthede en aksies, soos die Jongreus-toekennings, wil hy 'n groter sin vir gemeenskap skep.

Sy droom vir 2026 is om meer eerste- en tweedejaars by sport en kultuur te betrek, en sodoende die spangees op kampus te versterk.

**'n Kultuur van verbintenis**

Beide Rian en Pedri se leierskap dra by tot die unieke kultuur van BKO. Rian se visie om 'n tweede huis vir studente te skep, sluit aan by die doelwitte van die gemeenskap waarin die kollege homself bevind – veiligheid en vryheid. Hulle is bewus van die verantwoordelikhede wat saam met die Orania-gemeenskap kom, en moedig studente aan om 'n bewuste leefwyse te handhaaf.

Die studente se daaglikse lewe bestaan nie net uit akademiese pligte en sport nie. Tussen rugby- en muurbal, tafeltennis, vergaderings en jaarbeplanning, vind hulle tyd vir koshuisaksies en ontspanning. Die Studenteraad, met sewe lede wat uit vier verskillende koshuise kom, speel 'n deurslaggewende rol in die studentedinamika. Saam, en met die ondersteuning van die studente en personeel, is hulle besig om 'n omgewing te skep waar elke student kan voel asof hulle deel is van iets groter. Hul leierskap is 'n voorbeeld van hoe individuele passie kan bydra tot die kollektiewe doelwit van 'n sterk, samehorige studentegemeenskap. Met jong leiers soos Rian en Pedri, is BKO goed op pad om sy droom van 'n tweede tuiste vir al sy studente te bewaarheid.

# Van Student tot Studentesakebeampte by BKO



Doret Le Cornu se menswees is een wat gekenmerk word deur 'n diepe sin van roeping, praktiese energie en onwrikbare lojaliteit. Sy kom uit 'n standvastige huis waar waardes en kultuur die fondasie vorm, en dié beginsels is duidelik in alles wat sy doen. Sy glo vas in die beginsel van "Geen vryheid sonder reëls nie," wat vir haar 'n manier is om 'n stewige grondslag vir die studente te skep.

Die BKO-span is opgewonde om die aanstelling van Doret Le Cornu, 'n 22-jarige oud-student, as voltydse Studentesakebeampte aan te kondig. Hierdie nuwe pos is 'n bewys van haar harde werk, toewyding en die positiewe impak wat sy reeds op die instelling gemaak het. Doret, oorspronklik van Carletonville en die derde oudste van nege kinders, bring 'n unieke perspektief en 'n hart vir diens na haar nuwe rol.

Voor sy BKO oorweeg het, het Doret reeds waardevolle ervaring opgedoen wat haar voorberei het vir die leiersrol. Nadat sy in 2020 haar tuisskoolonderrig voltooi het, het sy gedurende 2021 en 2022 'n Doula-kursus voltooi en ses maande as 'n au pair in die Bosveld gewerk, waar sy na 'n klein seuntjie omgesien het. Sy het ook verskeie ma's ondersteun tydens haar kursus om praktiese Doula-ure te voltooi, wat haar insig in kindersorg versterk het.

Haar reis met BKO het in 2022 begin nadat sy die instelling se studente tydens 'n Afriforum jeugkongres teëgekom het. Hulle "lewenslus" het haar geïnspireer en gemotiveer om haar tuisversorgingskursus by BKO te voltooi. Gedurende haar studies in 2023 het haar toewyding en natuurlike leierseienskappe uitgestaan, wat gelei het tot 'n aanbod om in 2024 in die koshuis aan te bly terwyl sy werk. Sy het 'n sleutelrol as koshuisleier van die Duiker Dameskoshuis vervul en het vir die Orania Beweging as Kommunikasie en Inligtingsbeampte gewerk.

In 2025 het sy haarself verder onderskei as 'n intern in Studentesake en Bemarking, waar sy gehelp het met sosiale media, bemarkingstake en die vaslegging van studentelewe-oomblikke. Doret beskryf haarself as 'n ekstrovert wat haar energie uit mense put. Sy hou daarvan om deur mense omring te wees en is nie een vir verveling nie; sy sê self sy was "nog nooit so besig gewees soos nou nie." In plaas daarvan om verdere akademiese studies te volg, verkies sy om prakties, uitvoerend en organiserend te wees. Die proses van beplanning en die bevrediging van 'n suksesvolle uitvoering daarvan is vir haar 'n bron van genot. Sy is die tipe mens wat die moue oprol en dinge laat gebeur.

Doret se nuwe pos as Studentesakebeampte bestaan uit drie hooffokusareas: Studentelewe, waar sy sport-, kultuur-, en sosiale aktiwiteite sal vaslê en deel; Koshuise, waar sy die koshuiskomitees sal ondersteun; en Ondersteuning aan die studente in hul alledaagse lewe.

Vir Doret is hierdie aanstelling meer as net 'n werk; dit is 'n roeping. "Ek het gebid en gevra waar my roeping lê, en toe kom hierdie werk oor my pad," verduidelik sy. Sy is vasbeslote om 'n verskil te maak en is lief daarvoor om deel te wees van die Orania-gemeenskap, waar sy voel sy nie in die massas verdwyn nie. Sy beskryf haarself as aanpasbaar, lojaal, en iemand wat die belangrikheid van waardes en reëls verstaan. Haar grootste dryfkrag is om 'n nalatenskap te bou en studente te help om hul eie rol in die groei van BKO te vind.

Doret se missie is om studente te ondersteun, die kampuskultuur te versterk, en hulle te help om vinnig tuis te voel en deel te wees van die groter Orania-gemeenskap. Haar entoesiasme en toewyding sal ongetwyfeld 'n groot bydrae lewer tot die positiewe ervaring en ontwikkeling van elke BKO-student.



GRONDLYN

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

Dr. Wikus Buys - Begrondinstituut

# Ons begin nuut - op die bekende pad



Mens kan net "nuut" sê, as jy werklik weet wat "oud" is. Orania doen tans baie nuwe dinge. Die volgende nuwe fase in ons geskiedenis breek aan. Wat beteken dit as mens sê: 'Ons pak iets nuuts aan?" Baie mense kan van 'nuut' praat, maar hoe weet mens of jy werklik iets nuuts doen? Sê nou maar net ons herhaal ou dinge weer oor en oor? Is nuwe dinge noodwendig goed?

Hoe moet 'n Christen weet wat is die goeie betekenis van "nuut"? Vir 'n volk is dit lewens belangrik om die ware Bybelse betekenis van "nuut" reg te begryp. Om dit te verstaan moet ons weer hoor wat God sê oor "nuut begin". Heel aan die begin van die Markus evangelie staan: "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God. Soos geskrywe is in die Profete: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u pad voor U uit sal regmaak – die stem van een wat roep in die woestyn: Berei die weg van die Here, maak sy paaie reguit!"

Hierdie stem van die een wat roep is Johannes die Doper. Hy het die koms van die Here Jesus aangekondig met sy kort en kragtige oproep: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom' (Mat.3:2).

Baie mense dink dat daar 'n breuk is tussen die laaste boek van die Bybel, Maleagi en die eerste boek van die Nuwe Testament, Matteus. Alhoewel daar meer as 400 jaar verloop tussenin, sê die Bybel duidelik dat die Ou Testament eers afloop met die koms van Johannes die Doper, en die Nuwe Testament breek aan met die koms van Jesus Christus (Mal. 4:5, Mat. 11:13-14). Johannes die Doper is die laaste Ou Testamentiese profeet, hy wys letterlik met sy vinger na die beloofde Een wat sou kom, Jesus Christus, die Seun van God. Die evangelie begin met die koms van Jesus Christus, maar sy koms is reeds vroeër, in die ou tyd, deur die profete verkondig.

**Nuwe Orania**

Wat beteken dit vir ons wat op Orania iets nuuts aanpak?

· Die belangrikste is om te onthou dat die Here Jesus self gesê het: 'Ek is die bein en die einde' (Open. 22:13). Met ander woorde, om iets nuuts te begin, wat dit ookal is en wat jy jou ookal voorneem, as dit sonder Christus is, dan is dit oud en reeds vervalle. Enige nuwe begin kan slegs in en deur Jesus Christus aangepak word. Trouens, enige begin is ten diepste eerste God se toedoen. So begin die Bybel immers: 'In die begin het God…"

· Tweedens is God se werke 'n eenheid. Wat Hy begin en die uiteinde wat Hy bewerk, is aan mekaar verbind. God se werke is nie los en vas nie. Die begin en einde van God se dade word bekendgemaak deur 'n Persoon, sy eie Seun Jesus Christus. Alles wat God doen, van begin tot einde is verbind aan sy Seun Jesus Christus. Die begin van die evangelie, die koms van Jesus Christus, is van oudsher, lank gelede, reeds geopenbaar. God se begin en sy einde wat Hy bereik, is aan mekaar gebind - ook in 'n volk se lewe.

**Sit voort wat God begin**

Vir Orania se nuwe begin van 'n volgende groeifase moet ons deeglik hiervan kennis neem. Ons moet diep gewetens vrae vra: Is wat ons nou nuut begin 'n voortsetting van dit waarmee God lank reeds mee besig is? Vir 'n volk beteken dit dat ons moet lewe uit die feit dat God se beloftes en bevele deur die geslagte standhou. Wat ons nou nuut kan doen, is omdat ons voorgeslag aan die eeue oue beloftes van God vasgehou het.

Nuwe dade verg nuwe gehoorsaamheid. God se bevele en sy beloftes gee ons nuwe krag – maar dit kom van ver af. Ons is – ook as volk – ingebind in wat God ewig doen. Dit gee ons lewe sin. Ons stryd en ons vreugdes, ons oorwinnings en verliese, ons gelag en ons trane, word sinvol slegs as ons aanvaar dat Jesus Christus vir ons die begin en die einde is.

**Bekende pad**

Laat Orania se nuwe begin 'n voorsetting wees van die bekende pad van God se beloftes. Daarin het ons – ook as Afrikaner volk – die heerlike wete: in Jesus Christus hou al God se beloftes stand (2 Kor. 1:20). Laat dit vir ons en die hele Afrikaner volk ook 'n waarkuwing wees: sonder Christus is daar geen nuwe begin nie, daar is geen toekoms of goeie einde nie. 'n Volk sonder Christus is 'n woestyn volk sonder toekoms. Maar in Christus kan ons telkens weer nuut begin. Dit is wat ons nou doen, ons begin 'n nuwe hoofstuk omdat Christus opgestaan het. Ons doen dinge wat ons as volk nog nooit aangepak het nie, maar is bou op die vaste fondament, Jesus Christus.

Die begin en die einde is ingebind in wie Jesus Christus is en wat Hy doen. Christus se koms en veral sy opstanding uit die dood maak alles nuut. Dié nuutheid word deur die Heilige Gees in ons gewerk. Mag ons nuwe begin in Orania wel uitloop op 'n Christelike republiek vir die Afirkaner. Mag dit 'n bewys wees van God se ou beloftes wat van nuuts stand hou vir elke geslag. Mag ons Christus se koms ook as volk so afwag en getrou enduit vashou aan die beloftes van God.

# Die Pad deur die Woestyn:

## Ernst van Zyl besin oor Afrikaners se toekoms

Die Vryheidstigting het op Dinsdag 9 September hul 50ste HF Verwoerd gedenklesing aangebied, waar die regisseur van die dokumentêre film Selfbestuur, Ernst van Zyl, die gehoor toegespreek het. Onder die tema "Afrikaners en Woestyne," het Van Zyl, Hoof van Openbare Betrekkinge by AfriForum en met 'n Meestersgraad in Politieke Wetenskap, die uitdagings en veerkragtigheid van die Afrikanervolk bespreek.

In sy toespraak het Van Zyl verwys na die gedig "Die doringboompie" van Totius en die doringboom as 'n metafoor gebruik vir 'n volk wat gehard is en in die woestyn kan floreer. Hy het die woestyn beskryf as 'n plek wat onherbergsaam is, waar wet en orde opdroog, en waar plattelandse dorpies sprekende voorbeelde van verval is. Dit is 'n woestyn van wanorde, maar ook 'n plek waar ons kultuur en veerkragtigheid getoets word.

Volgens Van Zyl het buitelandse waarnemers voorspel dat Afrikaners op 'n kronkelende en stowwerige pad is, maar dat hulle verstom is met die veerkragtigheid en vermoë van die Afrikaner om terug te bons. Hierdie geharde kultuur van aanpassing en die vermoë om te floreer in moeilike omstandighede, is die ware krag van die volk. Hy het verder beklemtoon dat die krag van kultuurorganisasies lê in die vermoë om yl verspreide individue bymekaar te bring.

Die hedendaagse "woestyn" is egter nie net 'n fisiese plek nie, maar ook 'n digitale een. Volgens Van Zyl kan 'n mens maklik vasgevang word in die wêreld van simulasies en valse werklikhede. In hierdie woestyn is 'n werkende kompas krities. Hy het Afrikaners aangemoedig om werklike oplossings na te streef en nie te verval in perfeksionisme, oordadige ontledings, of leë gesprekke wat nie tot aksie lei nie.

Van Zyl het afgesluit met 'n kragtige boodskap van hoop en realisme: "Ons moet bereid wees om te sukkel en nie die gerieflike uitweg kies nie." Hy het Orania as voorbeeld gebruik en gesê dat om te groei, Afrikaners bereid moet wees om luukshede prys te gee en slegs die noodsaaklikhede vir die reis deur die woestyn te pak. Die belangrikste items in die noodhulptas moet geloof, gesin, kultuur, taal, identiteit en vryheid wees. Hy het gesê dat die Afrikaner 'n positiewe toekoms kan bou, 'n "kanniedoodkultuur," en dat ons voorvaders bewys het dat ons nie opgee nie. Ons moet op aanpasbaarheid fokus en waardering herontdek vir klein suksesse, terwyl ons geloof, moed en koers hou.

Hy spreek die vertroue uit dat die Afrikaner se planne mense wat nog buite staan se verbeelding sal aangryp, en dat die planne nooit mag opraak nie. Dr Wynand Boshoff het repliek gelewer en die verrigtinge is afgesluit met die Roepstem van Orania.



Dr Wynand Boshoff



Ernst van Zyl

Foto's: Dia van Staden

Ons Paradys Tuinuitdaging

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?

Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

1. Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 17 Oktober 2025 verwelkom word. Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.

Die geregistreerde tuine sal vanaf Vrydag 31 Oktober besoek en beoordeel word. Die wenners in onderskeie afdelings sal aan die einde van November 2025 tydens 'n skemerkelkiegeleentheid aangekondig word.

**Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?**

1. Beginnerstuin
2. Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte)
3. Groenteboks
4. Grasperk
5. Sakpas tuinmaak (idee in die kleine)

**Stuur voltooide registrasievorms na advertensies@koerania.co.za voor die sluitingsdatum op Vrydag 17 Oktober 2025. Prysgeld per afdeling:**

- Beginnerstuin R4 000-00
- Gevestigde tuine (blom en/of groente en/of vrugte) R3 000-00
- Groenteboks R4 000-00
- Grasperk R1 500-00
- Sakpas tuinmaak (idee in die kleine) R2 000-00

**Reëls en regulasies:**

1. Alle afdelings is oop vir slegs alle Orania inwoners . Vul die registrasievorm in en stuur dit aan die organiseerders, soos aangedui.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2025 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 17 Oktober 2025 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Maak asseblief seker dat 'n kontaknommer en adres op die registrasievorm aangebring word.
8. Geen plastiek of nagemaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.
9. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
10. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
11. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
12. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
13. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
14. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
15. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.

Met trots angebied deur KOERANIA

Skandeer die kode vir u registrasie

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

VANUIT DIE GEHOOR

deur Leoni de Klerk - Uitvoerende beampte, OKeR

# Taalweek 2025: Oraniërs bou in Afrikaans!

Afrikaans lê elke Oraniër na aan die hart. Daarom vier ons jaarliks, op 14 Augustus, Taaldag in Orania. Ons pragtige taal is egter té kosbaar om net een dag per jaar spesiale aandag te laat geniet, daarom vier ons sommer vir 'n week lank fees!

Taalweek is al vir jare 'n instelling in ons dorp en hierdie jaar is dit weereens bewys dat ons volk smag na geleenthede om in Afrikaans saam te kuier.

Vanaf 9 tot 16 Augustus het die Orania Kunsteraad, oftewel OKeR, gesorg vir aktiwiteite en taalskatte om oud en jonk te vermaak. Belangriker nog, was die geleenthede juis gereël om Afrikaans te bevorder.

Ons propvol Taalweekprogram, het op 9 Augustus afgeskop met 'n toneelstuk getiteld "Die vrouens in Langenhoven se lewe". Dit is 'n produksie aangebied deur, en ten bate van Huppelkind Dagsorgsentrum.

Op Maandag 11 Augustus, het die nuwe week op 'n hoë noot begin, met 'n Volksliedjie-aand by Gannaboswoonstelle onder leiding van Christiaan van Zyl. Dit was 'n aand van heerlike samesang saam met Pieter Krige. Bo-Karoo Opleiding se koshuis-sêrgroepe het ook teen mekaar meegeding.

Annamarie van der Merwe het die Dinsdag taalspeletjies op BKO se boublad aangebied. Hierdie lokaal is gekies om aan te sluit by ons tema vir Taalweek 2025, naamlik "Ons bou in Afrikaans".

Die Woensdag is die jongspan deur Huppelkindpersoneel met 'n poppekas vermaak. Later het die gemeenskap by die Gemeenskapsaal byeengekom om plaaslike talent te ondersteun. 'n Musiekblyspel, "Die lewe is 'n lied", geskryf deur mev. Elsa Nothnagel, is op die planke gebring. Dit was werklik 'n fees! Die terugvoer uit die gemeenskap, is dat dié blyspel van hoogstaande gehalte was en daar is steeds versoeke uit verskeie oorde, dat dit weer opgevoer moet word.

Taaldag op 14 Augustus, was propvol aktiwiteite. Reeds van vroegoggend af, kon 'n kuns- en skryfuitstalling in die Orania Beweging se tuin besigtig word. Plaaslike kunstenaars en skrywers is vooraf uitgedaag om te skep met die tema: "Bou in Afrikaans". Die talent in Orania is merkwaardig! OKeR se orkes het 'n wonderlike atmosfeer geskep met 'n verskeidenheid instrumente en liedjies. Daarna het professor Das Steyn die boek "Die Digter van Doringkraal" deur die outeur Kas van den Bergh, bekendgestel. Die dag is afgesluit met 'n aanbieding deur dr. Wikus Buys, met die tema: Die Bybelse idee van "bou", soos blyk uit die metafoor van die vrou.

Die Vrydagaand was dit tyd vir die jaarlikse Kortfilmfees. Carel 5 Boshoff was aan stuur van sake en oud en jonk het hul vernuf getoon met tegnologie en regie. Daar was hierdie jaar vier kategorieë: onder 25's, onder 125's, advertensies en animasie. Groot pryse was op die spel en tydens hierdie glansgeleentheid is erkenning aan die vervaardigers van hierdie kortfilms gegee. Ook by hierdie geleentheid, het die orkes hul absoluut goed van hul taak gekwyt, met die speel van filmmusiek.

Die bekendstelling van die boek "Elly Holm, Van Berlyn tot Hartbeespoort" deur professor Dieter Holm, het die Saterdagoggend plaasgevind. Dit handel oor prof. Holm se ma, bekende kunstenares Elly Holm. Die outeur se suster, plaaslike kunstenares Cornelia Holm, het ook die verrigtinge bygewoon.

Taalweek 2025 is afgesluit met 'n heerlike ontspanne kunsmark in die Gemeenskapsaal. Handgemaakte produkte en smaaklike eetgoed is te koop aangebied en OKeR se orkes, sowel as ander plaaslike musikante het gesorg vir lieflike agtergrondmusiek.

Dit is met tevrede en dankbare harte wat OKeR terugkyk op 'n suksesvolle Taalweek 2025. Verskeie borge en ondersteuners het bygedra tot die sukses van elke geleentheid. "Mag Taalweek elke jaar 'n hoogtepunt op Oraniërs se kalender wees, maar die viering van Afrikaans nie beperk wees tot slegs 'n week per jaar nie. Bou elke dag in en aan Afrikaans. Ons taal is kosbaar en die voortbestaan daarvan is in ons hande (en monde)!"









Foto's: Karen J van Rensburg



# Regruk verwelkom die lente




Op Vrydag 29 Augustus het daar weer 'n groot groepering van die gemeenskap, met swart sakke gepantser, vroegoggend by die dorpskantoor byeen gekom.

Dié inisiatief van die Orania Dorpsraad, om die aanbreek van lente te vier, word ondersteun deur die omgewing skoon te maak en op verskeie maniere reg te ruk. Ander instellings het onlangs begin inspring en hul hulp aangebied om die Lenteregruk met selfs meer impak uit te voer.

Arno Lambrechts, Hoof van Gemeenskapsdienste, neem die leiding met die projek en sê: "Die boodskap wat deur 'n breër gemeenskap se deelname uitgedra word is dat die netheid van ons omgewing nie net die dorpsraad se verantwoordelikheid is nie, maar dat elkeen van ons op persoonlike vlak die handhaaf van 'n netjiese omgewing as 'n leefwyse en noodsaaklikheid erken."

Daar word deur individue of groepe deur die strate en meer beboste gebiede beweeg waar plastieksakke, blikke, stompies en ander rommel opgetel word. Arno voel dat die selfwerksaamheid van inwoners hierdeur beklemtoon word en dat 'n ingesteldheid van 'n skoon, netjiese omgewing vir ons 'n saak van erns is.

Koerania het met verskeie lede van die gemeenskap en personeel van instellings gesels wat hulself bereid verklaar het om met die projek behulpsaam te wees. Die algemene terugvoer is dat dit 'n voorreg is om as 'n span betrokke te raak by iets wat vir almal belangrik is, en dat die uitvoer van sulke take die beeld van ons dorp by besoekers verhoog. Sommige instellings het die geleentheid aangegryp om hul eie tuine, kantore of werkruimtes skoon te maak.

Die Orania Dorpsraad sal graag wil sien dat die Lenteregruk aanhou groei en uiteindelik die hele gemeenskap van Orania betrek. Hul spreek hul dankbaarheid uit teenoor almal wat hul hulp op onbaatsugtige wyse gelewer het. "Ons sien julle volgende jaar weer!"



# Die maan oorrompel kykers

Sondag, 7 September se maansverduistering en bloedmaan was iets waarlik onvergeetlik. Met meer as 1 uur en 22 minute, was dit een van die langste verduisterings wat gesien is. Dié foto versmelt die verskillende fases van die verduistering tot een beeld en vang die maan se volle reis deur die aarde se skaduwee vas.

'n Maansverduistering vind plaas wanneer die maan direk agter die Aarde in sy skaduwee inbeweeg. Dit kan net gebeur as die son, Aarde en maan in 'n reguit of byna reguit lyn lê met die Aarde in die middel – dus net met volmaan. Die soort en duur van die verduistering hang af van die maan se ligging in verhouding met sy wentelbaanknoop.

Anders as 'n sonsverduistering, wat net in 'n redelik klein deel van die wêreld gesien kan word, kan 'n maansverduistering gesien word vanaf enige plek aan die nagkant van die Aarde. 'n Maansverduistering duur 'n paar uur, terwyl 'n sonsverduistering net 'n paar minute op enige gegewe plek duur vanweë die kleiner grootte van die maan se skaduwee. 'n Maansverduistering kan ook met die blote oog bekyk word, aangesien dit nooit helderder as 'n gewone volmaan word nie (of eintlik altyd dowwer is).

Die rooi kleur word veroorsaak deur stofdeeltjies in die aarde se atmosfeer.



Foto: Riegardt Lambrechts



Foto: Kyle Goetsch Fotografie het Sondagaand 7 September se bloedmaan so vasgevang. Wat dit vir Kyle selfs meer spesiaal gemaak het, was om dit langs een van sy gunsteling windpompe naby Kaapstad af te neem, met die laaste stukke geel kanola wat 'n perfekte voorgrond by hierdie spesiale aand gevoeg het.

**NOODNOMMERS**
Ongevalle | Brand | Veiligheid
**060 501 7877 of 053 207 0089**

# ORANIA KARNAVAL 2025

DAGKAARTJIE
VOLW. Φ80 EN KIND (0/12) Φ40
TOEGANG VRYDAG: GRATIS

ORANIA DORPSRAAD

OOM Orania Ontwikkelingsmaatskappy

## DONDERDAG 9 OKTOBER

**18:30 - Neon Nagdraf**
***ORANIA SPORTTERREIN***
'n Neonkleurige kuier deur die strate van Orania
**GRATIS TOEGANG**
Verf en Neon Benodigdhede sal beskikbaar wees by Die Kontreiwinkel, Ora Spens, Eureka en Knapsak asook OP DIE VELD DIE AAND VAN DIE NAGDRAF




## VRYDAG 10 OKTOBER

**11:00 - Hekke en Stalletjies open**

**12:00 - Inhuldiging van Krugerbeeld**
DORPSPLEIN
'n 3D skandeering en gietstuk van die Paul Kruger beeld op Kerkplein in Pretoria is gemaak wat op 10 Oktober in Orania onthul gaan word.

**14:00 - Vlotoptog**
Vanaf die Dorpsplein gevolg deur die prysuitdeling
Na afloop van die inhuldiging vind die vlotoptog plaas. Die optog beweeg vanaf die nuwe Kruger beeld af na die karnavalterrein.

**15:30 - Feesdans**
J'Elan Dans Akademie
KUIERTENT

**16:30 - OKeR-orkes**
Volksliedjies en Roepstem
KUIERTENT

**17:00 - Koeksister-Eet Kompetisie**
ARENA

**18:00 - Jungle Rush FMX**
'n Voorsmakie vir Saterdag se vertoning
ARENA

**19:30 - Ruhan du Toit**
KUIERTENT

## SATERDAG 11 OKTOBER

**08:00 - Stalletjies open**

**Vanaf 08:00 - Boogskiet**
Buite arena voor ORANIA letters

**09:00 - Skopfietsuitdaging**
*ORANIA SPORTTERREIN*
Pryse te wen! Kinders 0/3, 0/4, 0/5
Bring eie skopfietsies

**09:45 - Skattejag**
*ORANIA SPORTTERREIN*
Pret en plesier vir alle skoolkinders met lekker pryse! Aangebied deur Orania Sakekamer

**10:00 – 11:30 - Ambaguitdagings**
*ARENA*
Sweis-, bou- en Ingenieursuitdagings

**11:30 - Boogskiet & Ballonskiet kompetiesie**

**12:00 - Carla-Lee**
*KUIERTENT*

**13:00 - Toutrek**
Aangebied deur Orania Toutrekklub
*ARENA*

**14:00 - Karnaval Skaakkampioenskappe**
*KUIERTENT*

**15:00 - Juffrou Linky**

**16:00 - Sterkman / Kragoptel**
*ARENA*

**17:30 - Jungle Rush FMX**
*ARENA*

**19:30 - Wynand en Chereé**
*KUIERTENT*

ORANIA DORPSRAAD
OOM Orania Ontwikkelingsmaatskappy

# 09-11 OKTOBER 2025

ORANIA KARNAVAL 2025

Vlotoptog | Stalletjies | Feesdans | Koeksister-Eet Kompetisie
Toutrek | Oker-orkes |Oker Heldekonsert | Ruhan du Toit
Skopfietsuitdaging | Skattejag | Ambaguitdagings
Carla-Lee | Boeresport | Skaakkampioenskappe
Juffrou Linky | Sterkman / Kragoptel
Jungle Rush FMX

+27 (0) 82 467 3003 Karnavalmeester
navrae@oraniakarnaval.co.za
www.oraniakarnaval.co.za



# Intense voorbereiding het 'n positiewe uitslag

Dia van Staden - Redakteur


Foto: Verskaf

Dantél Oosthuizen, 'n 35-jarige fiksheidsentoesias van Orania, bewys dat ouderdom slegs 'n nommer is wanneer passie en dissipline bymekaarkom. Haar toewyding aan haar oefen- en eetplanne het vrugte afgewerp, en onlangs het sy 'n indrukwekkende derde plek in die Bikini-afdeling van die Wêreld Fiksheidsfederasie (WFF) se Suid-Afrikaanse kampioenskappe in De Aar behaal.

Wat hierdie prestasie so besonders maak, is dat Dantél die enigste inskrywing in haar ouderdomsgroep was. Die organiseerders het haar toe oorreed om teen die veel jonger deelnemers deel te neem, 'n uitdaging wat sy met grasie en vasberadenheid aangepak het. Volgens haar is die kompetisie vir ouer deelnemers heelwat moeiliker, aangesien jonger deelnemers 'n vinniger metabolisme het, nie rekmerke van swangerskappe het nie, en makliker spiermassa opbou. Die feit dat sy bo 30 was in die afdeling vir 18 tot 24's waarin sy deelgeneem het, met sowat agt deelnemers per afdeling, spreek boekdele van haar sukses. “Ek het geleer om nie so bekommerd te wees as ek op die verhoog klim nie, want almal het ewe hard gewerk en al word jy nie vir die top drie gekies nie is dit steeds 'n prestasie om daar te wees,” deel sy. Sy het 'n 6de plek in die Miss Glamour-afdeling behaal.

Die wêreld van fiksheidskompetisies is nie vir sussies nie. Benewens die intense fisieke voorbereiding, is dit 'n duur sport. Affiliasie, registrasie per afdeling, en die koste van klere, grimering en die "tan" (verf) kan 'n deelnemer laat opdok. Dantél het egter geleer om sommige van die koste te besnoei deur self sekere dinge soos naels en wimpers te doen. Haar prestasies is 'n bewys van haar vasberadenheid, nie net in die gimnasium nie, maar ook in die bestuur van die finansiële aspek van die sport.

Haar voorbereidings is intens. Sy berei slegs drie maande voor 'n kompetisie met 'n streng eetprogram wat haar help om gewig te verloor sonder om spiermassa in te boet. Die laaste week, of "piekweek" voor 'n kompetisie, is die mees uitdagende, waar sy 70% van haar stysels uitsny en baie water drink. Haar grootste plesiertjie, die biltongwrap by 'n bekende eetplek, moet dan vir 'n rukkie wag.

Dantél, wat ook haar kwalifikasie as persoonlike afrigter en voedingkundige verwerf het, wil nou haar kennis met ander deel. Sy is van plan om aanlynklasse te begin, waar sy mense kan help om hul eie unieke fiksheidsdoelwitte te bereik. Haar persoonlike ervaring het haar geleer dat elke persoon se liggaam uniek is en dat 'n mens jou eie liggaam se reaksies die beste ken. Sy wil mense die kundigheid gee om selfvertroue te bou en gesonder te leef.

Dantél se man, Adolf, is haar grootste steunpilaar. Hy stap die pad saam met haar, deel haar vreugdes en ondersteun haar deur die moeilike tye. Hy is die een wat haar sosiale media plasings hanteer en is ongelooflik trots op haar. Sy ouers is gedissiplineerd en glo in 'n gesonde liggaam, en het hierdie ingesteldheid aan hom oorgedra. Hy spot en sê dat hy nie jaloers is wanneer Dantél op die verhoog klim nie, want hy weet sy gaan saam met hom huistoe.

Sy is dankbaar vir die vroue wat by haar oefen se ondersteuning en is trots op wat hulle elkeen op 'n persoonlike vlak bereik.

Dantél berei tans voor vir die Zambië-kampioenskappe in November en het reeds haar oog op verdere kompetisies daarna. Haar boodskap is duidelik: Jy kan! "Jy hoef nie te weet hoe nie, jy moet net wil," sê sy. Haar sukses is 'n inspirasie vir almal wat glo dat dit nooit te laat is om jou drome na te jaag nie, en dat harde werk altyd vrugte afwerp.


In die dames Bikinimodel-afdeling was Amy Swanepoel (22) in die 2de plek, Lael Malherbe (18) in die eerste plek en met Dantél Oosthuizen (35) 3de. Lael het pas haar

## SPORTGIDS

**Amateurstoei**
**Willem Strauss - 079 299 0631**
**Saamstaangebou**
**Seuns vanaf 6 jarige ouderdom kan aanmeld**
**Maandae en Donderdae van 17:30 tot 19:00**

**Ballet**
**Eldien Kirsten @ 076 712 7801**
**Uysie Kirsten @ 082 683 6317**
**Uysie Kirsten Balletskool**
**Beginners vanaf enige ouderdom welkom**

**Boogskiet**
**Willem Jacobs @ 083 661 9707**
**Dinsdae om 16:00**
**Telegram: Koedoe Boogskiet Akademie**
**Gratis opedag maandeliks**

**Fietsry**
**Dewald Otto @ 084 557 4223 (Whatsapp)**
**Groepritte Dinsdagmiddae/Saterdagoggende**

**Gimnastiek**
**Michelle Jacobs**
**072 550 8462 / oranje.gimnastiek@gmail.com**
**Oranjerivier Gimnastiekklub**
**Saamstaan Winkelsentrum**
**Maandae tot Donderdae: 14:00 tot 16:00.**

**Hokkie**
**Jané Ebersohn @ 072 241 9142**

**Jukskei**
**Thinus van Dyk @ 0731693505**
**Woensdae en Donderdae 16:30 tot laat**

**Karate**
**Henk Steyn @ 076 790 8843**

**Moderne dans**
**Janel Cornelius @ 068 589 9227**

**Muurbal**
**Victor Correia @ 082 568 5587**

**Orania Atletiekklub**
**Christo Muller @ 083 628 0272**

**Orania Rolbalklub**
**Voorsitter: Francois van Schalkwyk**
**0730891604 / francoisvs57@outlook.com**
**Nuwe rolbalbaan tans onder konstruksie.**

**Orania Sportskiet**
**Johan van Loggerenberg @079 335 1621**

**Paaldans**
**Yoraldé Grotius @ 082 065 8593**
**Ma: 17:15-18:15 / Di: 16:00-17:00**
**Wo: 16:15-17:15 & 17:15-18:15**
**Donderdae oefenklas:16:00-17:00**
**R300-00 per maand**

**Perdry**
**Jessica Bornman @ 082 823 2541**

**Pluimbal**
**Koos le Grange @ 083 568 703**

**Sportklub: Rugby, Netbal en Hokkie**
**Hendri/Marike Labuschagne**
**072 453 5577 / 072 604 2564**

**Swem**
**Hester Botha @ 082 093 4352**

**Tennis**
**Willlie Steenkamp**
**Whatsapp: 082 490 4935**

**Tenshinkan Karate Orania**
**Henk Steyn @ 076 790 8843**
**Volkskool Orania**
**16:30 tot 17:30**






KOERANIA Sport

September 2025 Volume 1 Uitgawe Nr 22




# Meer as net 'n tou en brute krag

Dia van Staden - Redakteur

Vir Derick Smit (65), 'n legende in die wêreld van toutrek, is die sport meer as net 'n kragmeting. Dit is 'n dissipline, 'n spanpoging en 'n lewenslange passie. Derick, wat sedert 1981 by die sport betrokke is, vier in 2026 sy 28ste jaar as 'n internasionale skeidsregter, 'n prestasie wat getuig van sy toewyding en kundigheid.

Derick se pad na toutrek het in die vroeë tagtigerjare begin toe hy, as deel van sy militêre diens, 'n sport moes kies. Hy wou aanvanklik teen sy pa en oupa se aandrang tennis gekies, maar na sy eerste dag op die toutrekbaan het hy besef dat die sport 'n unieke uitdaging bied. Trouens, wetenskaplike studies wat in die 80's in Europa gedoen is, het bewys dat toutrek, saam met onderwaterhokkie en boks, die meeste van 'n atleet se krag in die kortste tydperk tap. Derick, 'n veteraan van die Comrades-marathon, getuig self dat hy nog nooit so moeg was soos na 'n naweek van toutrek nie.

Die sport, wat deur agt lede per span met een aanvoerder en een reserwe gespeel word, het verskeie afdelings. Gewigte wissel van 280kg vir junior spanne tot 680kg vir senior mans. Die grootste toutrekbyeenkoms in Suid-Afrika is die junior nasionale kampioenskappe, wat byna 300 spanne lok. Tydens wêreldkampioenskappe mag klubspanne in 'n oop afdeling deelneem, wat 'n geleentheid skep vir klubs soos die een wat Derick in Orania wil vestig, om internasionaal mee te ding.

Wat maak toutrek so spesiaal vir Derick? Hy beskryf dit as die "lekkerste spansport" omdat dit onwrikbare samewerking vereis. Sukses word behaal wanneer agt mense met dieselfde ingesteldheid en doel op dieselfde tyd saamwerk. Een lid wat nie sy of haar deel doen nie, kan die span se medalje kos. “Die sport bou 'n ongekende kameraadskap, en na elke wedstryd is respek vir die teenstander die norm,” vertel hy met oortuiging.

Vir Derick is alles nie net 'n spel nie. As 'n internasionale skeidsregter, is hy gemoeid met 14 verskillende oortredinge waarvoor 'n span gepenaliseer kan word. Sy kennis en ervaring is so diep dat hy as een van die top drie skeidsregters in die wêreld geëvalueer is. Sy toewyding is onwrikbaar, selfs nadat hy in 2007 'n rugbesering in 'n motorongeluk opgedoen het, wat sy kinders laat grappies maak het dat toutrek 'n "godsdiens" in hul huis is.

Die sleutel tot sukses in toutrek, sê Derick, lê nie in grootte nie, maar in tegniek en toewyding. Slegs 20% van die spel is fisiek, terwyl 80% van die sukses in die kop is. Belangrike tegnieke sluit in 'n reguit rug, die gebruik van jou gewig, en 'n sterk kern om jou eie gewig teen die tou te hou.

Die toekoms van toutrek in Suid-Afrika lyk volgens hom blink. Die Wêreldkampioenskappe sal van 16 tot 20 September 2026 in Hartenbos plaasvind, waar Derick as hoofskeidsregter sal dien. Daar word ongeveer 400 spanne verwag. Intussen sal hy sy kennis en ervaring met 'n nuwe generasie toutrekkers deel en kursusse aanbied, want soos hy dit stel, sal hy seker "by toutrek betrokke wees tot hy doodgaan.“



Derick Smit het pas 'n toutrekkompetisie in Nottingham, Engeland, as skeidsregter bygewoon. Hier is hy in aksie by 'n vorige kompetisie in China. Derick wil dié ankersport in Orania uitbou.



Yoralde Grotius is die afrigter wat moet huishou met getroude vroue wat hul soepelheid en paalvernuf wil opskerp. Melissa Coetsee, Reinnette Gouws en Gwen Dirker geniet die uitdagings van klim, klou, rek, strek en toertjies doen. Dié skouspelagtige sport laat spiere ontwikkel wat jy dalk vergeet het bestaan, maar die dissipline waarmee dit gepaard gaan is besonders.

